



Het jou bakkie die regte wiele om jou 'finansiële' vraag te karwei?

deur Old Mutual Agri - sburger@oldmutual.com



Mens hoor so dikwels dat jy self die verantwoordelikheid vir jou eie finansiële beplanning moet neem, maar waar en wanneer moet jy dan nou begin?

“Nou is die tyd,” reken Schalk Burger, markontwikkelingsbestuurder (Agri) by Old Mutual. “Hoe gouer jy begin, hoe beter sal jou beplanning later daar uitsien. “Hoewel jou finansiële beplanning op verskillende tye van jou lewe sal verskil, kan dit in ‘n sekere sin vergelyk word met ‘n bakkie se vier wiele wat die vraag moet dra. In finansiële terme is hierdie vier ‘wiele’ lewens- en ongeskiktheidsdekking, spaar vir die korttermyn, aftreebeplanning en jou beleggings”.

Indien jy onkundig is hieroor sal ‘n finansiële adviseur ‘n deeglike ontleding van jou finansiële situasie kan doen, jou adviseer oor jou persoonlike finansiële doelwitte, jou help met jou begroting, of langtermyn beplanning en jou ook wys hoe om hierdie doelwitte suksesvol te verwesenlik. Dit is bykans om te kyk of jou bakkie die vraag kan dra, en of daar straks ‘n pap wiel is wat reggemaak moet word.

Jou eerste stap of wiel is om seker te maak dat jy voldoende *finansiële beskerming* geniet. Enige finansiële beplanning sal sinloos wees indien jy nie vir jou of jou familie ‘n inkomste kan skep nie. In hierdie geval kan lewens- en ongeskiktheidsversekering jou of jou familie ‘n gerieflike inkomste bied indien

jy te sterwe sou kom of ongeskik sou raak. Indien jy ‘n masjien sou hê wat elke maand geld kon druk, sal jy dit gewis verseker. En, vir alle praktiese doeleindes is jy as broodwinner jou familie se geldmasjien.

Vir die jonges - onthou vandag mag jy nie afhanklikes hê nie, maar wat van die dag van môre? Onthou voorts dat hoe ouer jy word, hoe duurder word jou premies. Daarom is dit beter om so gou doenlik te begin ten einde vir die mees bekostigbare premies te kwalifiseer. Wanneer jy ouer word, mag jy dalk weens gesondheidsredes nie vir versekering kwalifiseer nie. Dit maak nie saak hoe oud jy is nie – ongeskiktheidsdekking bly belangrik en kan jou finansiële ondersteuning bied vir die res van jou lewe.

Die tweede wiel is jou behoefte om vir die *korttermyn te spaar*. Dit is geld wat jy as boer opsy moet sit vir daardie klein noodgevallen soos dienskosies vir jou bakkie, huishoudelike hersteluitgawes, miskien vir die aansaf van ‘n nuwe voertuig, ‘n deposito vir ‘n vakansiehuis, of bloot ‘n neseier waarop jy tydens aftrede kan terugval.

Die derde wiel is *aftreebeplanning*. Weereens, hoe gouer jy daarmee begin, hoe beter sal jou finansiële sekuriteit op jou oudag daar uitsien. Oorweeg dus ‘n belegging in ‘n uittredingsannuïteit. Daar is ‘n hele paar ander faktore wat jy vir jou aftrede

moet oorweeg, soos boedelbeplanning, belastingvoordele van uittredingsannuïteite asook die huidige wetgewing oor pensioene.

Die vierde wiel het te doen met jou *beleggings* wat jy bo en behalwe jou aftredebeleggings moet oorweeg. Daar is nie ‘n klinkklaar reël oor wanneer jy moet begin belê nie, maar dit is wel raadsaam om ook so spoedig moontlik daarmee te begin omdat saamgestelde rente ‘n beduidende verskil aan jou beleggingsopbrengs kan maak. Beleggings word gewoonlik deur behoeftes aangevuur. Voordat jy egter besluit hoe jy gaan belê, bring jou finale doelwit in berekening. Indien jy nie risikos wil neem nie, is ‘n lae risiko belegging die antwoord. Hierteenoor, indien stewige opbrengs hoog op jou finansiële agenda is, kan jy in meer riskante beleggings belê. Jou beleggings kan in tandem met ander elemente van finansiële beplanning gedoen word. Byvoorbeeld, jy kan miskien lewensdekking byvoeg by jou beleggings vir jou kinders se studies sodat hulle steeds sal kan studeer indien jy onverwags sou sterwe.

Maak altyd seker dat jou voertuig die regte wiele het om jou finansiële vraag gemaklik te kan dra die toekoms in, en moenie uitstel nie. Maak vandag nog werk van jou finansiële beplanning – jy sal later beslis die vrugte daarvan pluk.

